

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**Sondag 11 September 2011**

| Oggenddiens 09:30 | | | Aanddiens 18:00 | |
|-------------------|---------------------------|--------|---------------------------|--------|
| | Lied | Bladsy | Lied | Bladsy |
| 1. | Psalm 118:1 & 2 | Bl.575 | Psalm 150:1 & 2 | Bl.719 |
| 2. | Psalm 119:1 & 11 | Bl.584 | Skrifberyming 12-3:1 & 2 | |
| 3. | Skrifberyming 5-4:1, 2, 3 | | Psalm 138:1 | Bl.670 |
| 4. | Psalm 100:1 - 4 | Bl.494 | Skrifberyming 13-2 (Amen) | |
| 5. | Skrifberyming 13-2 (Amen) | | | |

**PREDIKANT BEROEP**

Die gemeente het vir ds. Griffel van Wyk (van Pretoria-Brooklyn) as predikant na ons gemeente beroep. Ons bede is dat die Here hom so sal lei om die beroep op te volg en metter in ons gemeente te kom arbei.

**MOTOR TE KOOP GESOEK – KAN IEMAND HELP?**

'n Goedkoop motor word benodig vir 'n jong moeder in ons gemeente om mee werk toe te ry. Die werk is baie belangrik vir haar aangesien sy daarmee help om haar gesin te versorg. Sy sal 'n maandelikse bedrag (tot en met R1000) kan afbetaal. Skakel asseblief met oudl. Johan Mocke by 083 292 8337, wat die saak fasiliteer.

**SIMBAAL**

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 11 September 2011

Nommer 25

DIE NODIGE EWEWIG

Dis ewe moontlik om die *toekoms* te verloor deur die *hede* te ignoreer, as wat dit moontlik is om die *toekoms* te verloor met verkeerde pogings om die hede te red. Jy kan beide *hede* en *toekoms* steriel maak deur fanaties vas te hou aan die *verlede*. Onder dié lewenshoudings wat “*verkeerde pogings*” is, is aan die eenkant hopelose pessimisme en andersyds grenslose optimisme. Want hopelose pessimisme is 'n lewensvlug van die een loopgraaf na die volgende, terwyl grenslose optimisme die lewens- houding is waar die mens sy vestings verlaat om die vyand ongewapen op die oop veld aan te durf.

- Die gelowige mag nooit in die steeds veranderende wêreld, sy tydsgewrig as *akuut* diagnoseer nie. Dit maak jou vreesbevange en kragteloos.

- Die gelowige moet egter altyd die aktualiteit van persoonlike weerbaarheid besef en dit in sy lewe uitbou tot 'n oorwinningsprogram met die middels wat God gee. Dit lei tot nugterheid en krag.

Gelowiges wat só die nodige ewewig besit sal 'n *positief-aanvallende lewenstyl* beheers en sal weet om tussen die geeste te onderskei (Rom. 12:1-2, 1 Tim 4:1-5). Weerbaarheid bestaan net daar waar jy uit 'n onverdeelde geloof, radikaal Skrifmatig lewe. Sonder die Bybel is jou lewe 'n weg wat dwalend na nêrens lei nie, 'n geslenter sonder koers, 'n rondrentel om die tyd om te kry. Dit bring frustrasies, wanhoop, twyfel, angs.

Dr. Nico van der Merwe



PREKE VANDAG



Teologiese student Giepie van der Merwe

Oggenddiens Tema: **DANKSY ONS VOLMAAKTE HOËPRIESTER HET ONS SKOON KLERE ONTVANG, DAAROM MAG ONS NIE MEER LEWE ASOF ONS NOG BRANDHOUTE IN DIE VUUR IS NIE!**

Lees: Sagaria 3:1-10

Teks: Sagaria 3:2-4 en vers 7

Skuldgevoelens a.g.v. al ons sondes kan tog so 'n verlamende effek op ons geloofsliewens hê, deurdat dit verhinder dat ons met vrymoedigheid tot ons God nader. Dit voel vir ons asof die Satan ons voortdurend voor God aankla soos wat hy hier doen met Jesua, in Sagaria 3. Ons voel soos brandhoute in die vuur van God se oordeel a.g.v. die aanklagtes op al ons sondes. Maar dan kom Christus en Hy maak die satan se aanklagtes teen die hoëpriester en ook ons vandag, ongeldig. Ons lees dan juis dat die satan uit die hemel gewerp is met die koms van Christus in Openbaring 12. Nou kan geen van die satan se aanklagtes meer teen ons as gelowiges water hou nie, want ons volmaakte Hoëpriester tree vir ons in by God. Lewe daarom nie meer as brandhoute in die vuur nie, maar eerder as mense wat in ons verbondenheid aan Christus en deur ons geloof in Hom met vrymoedigheid en vertroue na God kan gaan.



Aanddiens Tema: **EEN HART!**

Ds. Pieter van der Walt (Emeritus, Bethlehem)

Lees: 1 Kronieke 12:23-40

Teks: 1 Kronieke 12:33.38 (1953-vertaling)

Beantwoord hierdie vraag baie eerlik: Hoe dien jy die Here? Dink mooi en kyk na jou lewe:

Ons ontvang so baie uit die hand van die Here!

Hy is vir ons en ons kinders so goed!

Hy oorlaai ons met seëninge!

Vraag is: Hoe antwoord ek? Hoe dien ek die Here? Dien Hom met volle oorgawe, met 'n onverdeelde hart, met een hart! Dien Hom met jou hele hart, met jou hele siel, met jou hele verstand en met al jou kragte! Voorwaar 'n moeilike eis!

Hoe dien jy die Here?

Met een hart?



KERSSANGDIENS

Dit is vanjaar die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord se voorreg om die jaarlikse gesamentlike kersprogram te reël en aan te bied. Die voorlopige datum hiervoor is Sondagand 27 November 2011. Lidmate word hartlik uitgenooi om deel te neem aan die program by wyse van koorsang, musiekinstrumente, voordrag of voorlesings. Alhoewel amptelike oefendatums/-geleenthede nog nie vasgestel is nie, nooi ons belangstellendes uit om intussen in verbinding te tree met die volgende persone:

Hennie Venter – 082 324 2713


Martie Venter – 073 826 3526

Beide kan ook per epos bereik word by eisi@vodamail.co.za



SENDING- EN EVANGELISASIEKONFERENSIE

Die beplande Sending- en Evangelisasiekonferensie waaroor daar vroeër berig is, se datum is uitgestel na die **naweek van die 14de tot die 16de Oktober 2011**. Inligting hieroor is ook te vind op die konferensie se Facebook-groep, "Konferensie!", of skakel Jaco Lemmer (083 610 2421).



KLASSIS NOORDWES

Die Klassis Noordwes vergader DV Dinsdag 13 September 2011 te Sannieshof. Dr. Sarel van der Walt en oudl. Pieter Aucamp is afgevaardig deur die Kerkraad om die Klassissitting by te woon.



- ❖ Tevredenheid is om dit wat ons nie het nie ook nie te begeer nie.
- ❖ Laat ons aan God 'n groot applous gee. Ek het die laaste bladsy van die Bybel gesien en alles gaan goed afloop.
- ❖ Ons moet na Golgota gaan om te sien wat dit gekos het om ons te vergewe; en dan by die Gekruisigde bly om te leer hoe ons moet vergewe.
- ❖ Die hoogste maatstaf vir spiritualiteit is nie ekstase nie, maar gehoorsaamheid.

WAT DINK JY VAN DIE KERK?

LEES: I Korintiërs 12:12-27

FOKUS: I Korintiërs 12:12, 27

In hierdie gedeelte word die beeld gebruik van die liggaam, as metafoor vir die kerk, om die wonder van die kerk as eenheid onder Christus sy Hoof uit te beeld. Dink 'n bietjie: As die menslike liggaam met al sy funksies en eienskappe so wonderlik is, hoeveel wonderliker is die kerk nie. Sal die kerk, as liggaam van Christus, minder wonderlik wees as 'n mens se liggaam? Want die Hoof, Jesus Christus, bestuur en beheer en koördineer en heers en regeer oor sy liggaam. Ons hoor soms dat mense sê dat die kerk nie vir hulle is nie, a.g.v, 'n paar redes, soos: Die kerk is maar 'n ou gongsgroepie van mense so een keer per week; die kerk is outyds; die kerk is 'n plek vol skynheilige mense. Hoekom sal mense sulke goed oor die kerk sê? Miskien is een van die redes omdat die kerk, as een liggaam van Christus, nie meer altyd daardie eenheid vertoon nie, agv ons tekortkominge. Wat leer I Korintiërs 12 vir ons: As daar een ding is wat ons mooi moet verstaan, dan is dit dat die kerk nie dit is wat ons van hom sien of wat die wêreld van hom sien nie. Die kerk is (en moet wees) dit wat ons van hom bely. Uiteindelik moet daardie belydenis sigbaar word in die kerk, maar ons besef ons eie tekortkominge doen baiekeer afbreek daaraan. As ons van die kerk bely, nie wat sondige mense daarvan gemaak het nie, maar wat God in sy Woord daarvoor openbaar, soos hier in I Kor. 12, dan bely ons wat die kerk behoort te wees. En as ons erns maak met hierdie belydenis oor ons kerk, met ander woorde wat ons oor die kerk glo, en nie wat die wêreld daarvan dink nie, dan besef ons dat die kerk niks minder as 'n wonder is nie. Ons bely (HK Sondag 21):

- Die kerk is nie maar 'n ou gongsgroepie van mense so een keer per week nie. Die kerk is diegene wat deur die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom uitgekies is, deur sy Gees en Woord vergader word in die eenheid van die ware geloof, en tot die einde van die wêreld toe vergader, beskerm en bewaar word.
- Die kerk is nie outyds nie, maar is deur Christus vergader uit die hele menslike geslag om nou al gerig te word op alles wat eendag nuut en vars en eietyds gaan wees, en dit is die ewige lewe.
- Die kerk is nie 'n plek vol skynheilige mense. Die kerk is 'n plek waar mense, wat almal maar sondaars is, voor God worstel met hulle sondes en hulle gebrokenheid, maar wat stry daarteen en in Christus geregverdig word voor God. In die wonder van die kerk beleef ek die wonder van God se vergewende genade. Ons is in die kerk nie sondelose mense nie. Ons is sondaars, maar sondaars wie se sondes vergewe is, verlose sondaars deur die geloof in Jesus Christus. Gee vir my die wêreld met wat hulle van die kerk sien, en ek gee vir jou my belydenis van wat ek van die kerk glo. Dit is liggaam van Christus, in alle opsigte wonderliker en heerliker as my eie liggaam. En ek is deel daarvan, ten spyte van my eie beperkinge, maar God het deur Christus medelye daarmee, simpatie daarmee, leer Hebreërs vir ons. Dít is die kerk, nie wat ander mense daarvan dink nie, maar wat ek op grond van God se Woord glo en bely; wat God daarvan wil maak. En in die kerk gee Christus gawes aan elke ledemaat (lidmaat) sodat elke lidmaat kan funksioneer en die kerk meer en meer kan lyk soos wat sy behoort te lyk. Kom ons doen dit, kom ons gebruik ons gawes om daardeur te wys hoe dankbaar ons is vir die verlossing deur Christus en om 'n ledemaat te wees van hierdie wonderlike liggaam van Christus.

*Dr. Sarel van der Walt***BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA****BEROEPE ONTVANG**

- Ds. MJJ Erasmus van Standerton na Wolmaransstad.
- Ds. G van Wyk van Pretoria-Brooklyn na Klerksdorp-Noord.

BEROEPE BEDANK

- Ds. PW Kurpershoek van Middelburg na Pretoria-Annlin as medeleraar.

**PRAATJIE DEUR PIETER TER HAAR**

Op Sondag 18 September 2011 DV, na die aanddiens, gaan Pieter ter Haar die gemeente toespreek. Pieter en sy vrou is werksaam in Sri Lanka waar hulle aan die stuur van 'n kinderskool staan, maar dit ook as platform gebruik om sendingwerk te doen. Pieter sal die besondere en werklike agtergrond en perspektief kan gee vanuit hulle bediening. Alle belangstellendes is baie welkom om hierdie byeenkoms by te woon.

**DATUMVERANDERING**

Die byeenkoms van die **55-Plusers** skuif van **23 September** na **21 Oktober 2011 DV**.

**BREIBLOKKIES**

'n Vriendelike versoek aan al die breiende susters: gaan asb. flink aan met die brei van blokkies. Ons benodig nog heelwat blokkies. Persone wat wol benodig, kan vir Christa Snyman by 0837015498 kontak.



KOLLEKTES

| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
|--------------|----------------|----------------------|
| 11 September | Barmhartigheid | GKSA Emeritaatsfonds |
| 18 September | Barmhartigheid | Sustentasië Khuma |
| 25 September | Barmhartigheid | Sustentasië Khuma |
| 2 Oktober | Barmhartigheid | Sustentasië Khuma |



GEMEENTEPROGRAM

Sondag 11 September tot Saterdag 17 September 2011

| | | |
|------------------------|-------------------------|-------------|
| Sondag 11 September | Oggenddiens | 09:30-10:30 |
| Sondag 11 September | Katkisasië | 10:30-11:00 |
| Sondag 11 September | Aanddiens | 18:00-19:00 |
| Sondag 11 September | Bybelstudie Konsistorie | 19:00-20:00 |
| Dinsdag 13 September | Klassis Wolm.stad | 09:00 |
| Woensdag 14 September | Bybelstudie Pastorie | 10:00-11:00 |
| Donderdag 15 September | Inbetaling Bydraes | 17:30 |



TEESKINKBEURTE

| | |
|--------------------------|--------------------------|
| Sondag 11 September 2011 | Wyke 08 & 09 |
| Sondag 18 September 2011 | Wyke 10 & 11 |
| Sondag 25 September 2011 | Wyke 12 & 13 |
| Sondag 02 Oktober 2011 | Geen teeskink - Vakansie |
| Sondag 09 Oktober 2011 | Geen teeskink - Vakansie |



Verjaarsdae


| | | | |
|---------|---------------------|--------|--------------|
| 12 Sept | Paul de Kock | Wyk 06 | 018-468-3016 |
| 13 Sept | Hennie Matthyser | Wyk 16 | 072-216-6912 |
| 15 Sept | Franco van der Walt | Wyk 13 | 018-469-3895 |
| 16 Sept | Charl Vorster | Wyk 05 | 018-468-5128 |
| 17 Sept | Gerty Kruger | Wyk 16 | 018-468-3527 |
| 17 Sept | Chris van der Walt | Wyk 14 | 018-468-2664 |

Van harte geluk met u verjaardag 2011. Mag die nuwe lewensjaar voorspoedig en geseënd wees vir uself en almal wat vir jou lief en dierbaar is.



LIEF-EN-LEED & VOORBIDDING

- **Oom Paul Vorster** is na 7 weke ontslaan uit die hospitaal en sterk tuis aan. Ons dank ons hemelse Vader vir die verbetering en sien op die behandeling!
- **Chris Jansen van Vuuren** het gister 'n driedubbele hartomlyningsoperasie in die Zuid-Afrikaans Hospitaal in Pretoria ondergaan. Ons is dankbaar om te kan verneem dat die dokters tevrede is en bid hom 'n mooi herstel toe.
- **Heila Nortman** word môre in Wilmed geopereer. Baie sterkte en sien op die operasie.



BYBELSTUDIE

1. **SONDAG 11 September 2011 ~ Die Hebreërbrief**

19:00 – 20:00

In die konsistorie

2. **WOENSDAG 14 September 2011 ~ Lukas-evangelie**

10:00 – 11:00

In die pastorie



**PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR
ALGEMENE NUTSWERK**

Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk

Skakel Corrie Botha 083 429 4824

